**buildmax**
materials·equipment·services

**Buildmax Beperk** ("Buildmax" of "die groep") (Registrasienommer 1995/012209/06)
Aandelekode BDM ISIN-kode ZAE000011250

# ONGEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE

## VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2008

**HOOGTEPUNTE***

**Omset ↑ 38% VVRBDA ↑ 91% WVB ↑ 69% WVPA ↑ 64%**

- **Kontant gegenereer uit bedrywighede R209,2 miljoen**
- **Na-tydperk belegging deur Brait van 24%**

** Vergelyking met pro forma historiese resultate vir die vergelykende tydperk*

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

| | **Ongeouditeer op 31 Augustus 2008 R'000** | Ongeouditeer en hersaamgestel op 30 September 2007 R'000 | Geouditeer op 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **1 234 251** | 12 904 | 12 288 |
| Ontasbare bates | **1 225 797** | – | – |
| Vooruitbetalings | **–** | – | 2 811 |
| Uitgestelde belasting | **1 905** | – | 2 186 |
| | **2 461 953** | 12 904 | 17 285 |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad | **92 988** | 24 098 | 22 586 |
| Debiteure en ander bedryfsbates | **330 109** | 16 595 | 18 921 |
| Bank en kontant | **55 928** | 12 830 | 16 901 |
| Belasting ontvangbaar | **1 080** | – | 271 |
| | **480 105** | 53 523 | 58 679 |
| | **2 942 058** | 66 427 | 75 964 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **1 536 144** | 42 266 | 42 266 |
| Behoue inkomste | **107 470** | 8 242 | 11 560 |
| Gewone aandeelhouersbelange | **1 643 614** | 50 508 | 53 826 |
| Buite-aandeelhouersbelange | **1 106** | – | – |
| **Totale aandeelhouersbelange** | **1 644 720** | 50 508 | 53 826 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Rentedraende laste | **530 302** | – | – |
| Uitgestelde belasting | **116 847** | 440 | 421 |
| | **647 149** | 440 | 421 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Krediteure en ander bedryfslaste | **249 690** | 14 507 | 21 481 |
| Lopende gedeelte van rentedraende laste | **307 200** | – | 19 |
| Verkopersaanspreeklikhede | **51 764** | – | – |
| Belasting betaalbaar | **41 535** | 972 | 217 |
| | **650 189** | 15 479 | 21 717 |
| | **2 942 058** | 66 427 | 75 964 |
| Aandele uitgereik en uitreikbaar aan einde van tydperk ('000) | **907 366** | 41 806 | 41 806 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **181,1** | 120,8 | 128,8 |

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000** | Ongeouditeer *Pro-forma* ses maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer en hersaamgestel ses maande geëindig 30 September 2007 R'000 | Geouditeer elf maande geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Omset | **755 336** | 548 506 | 61 078 | 111 543 |
| Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie ("VVRBDA") | **230 838** | 121 064 | 5 413 | 6 012 |
| Depresiasie | **(55 273)** | (32 591) | (1 154) | (1 894) |
| Wins voor rente en belasting ("WVRB") | **175 565** | 88 473 | 4 259 | 4 118 |
| Rente ontvang | **5 834** | 8 294 | 516 | 1 110 |
| Finansieringskoste | **(50 159)** | (19 167) | (118) | (247) |
| Netto wins voor belasting ("WVB") | **131 240** | 77 600 | 4 657 | 4 981 |
| Belasting | **(35 145)** | (22 544) | (1 145) | 1 849 |
| Netto wins na belasting | **96 095** | 55 056 | 3 512 | 6 830 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Ekwiteitshouers van die houermaatskappy | **95 910** | 55 056 | 3 512 | 6 830 |
| Buite-aandeelhouersbelang | **185** | – | – | – |
| | **96 095** | 55 056 | 3 512 | 6 830 |
| **Aanvullende inligting** | | | | |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | **12,6** | 7,2 | 8,4 | 16,3 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **11,8** | 7,2 | 8,3 | 16,2 |
| **Aandele uitgereik en uitreikbaar ('000)** | | | | |
| – aan einde van tydperk | **907 366** | 907 366 | 41 806 | 41 806 |
| – geweeg | **763 106** | 763 106 | 41 806 | 41 806 |

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000** | Ongeouditeer en hersaamgestel ses maande geëindig 30 September 2007 R'000 | Geouditeer elf maande geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Netto wins voor belasting | **131 240** | 4 657 | 4 981 |
| Nie-kontantvloei-items en veranderinge in bedryfskapitaal | **35 847** | (2 071) | 1 316 |
| Netto rente betaal/(ontvang) | **42 131** | (398) | (863) |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **209 218** | 2 188 | 5 434 |
| Netto rente (betaal)/ontvang | **(42 131)** | 398 | 863 |
| Belasting betaal | **(4 811)** | (238) | (474) |
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **162 276** | 2 348 | 5 823 |
| **Beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Kontantbetalings met verkryging van besigheidskombinasies, netto na kontant verkry | **(337 773)** | – | – |
| Vereffening van verkopersaanspreeklikhede in besigheidskombinasies verkry | **(64 012)** | – | – |
| Aankoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(351 176)** | (391) | (522) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **23 001** | 70 | 70 |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(729 960)** | (321) | (452) |
| **Finansieringsaktiwiteite** | | | |
| Netto opbrengs van aandele uitgereik | **300 475** | – | – |
| Netto opbrengs en betalings van rentedraende laste | **175 658** | (18) | 709 |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **476 133** | (18) | 709 |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | **(91 551)** | 2 009 | 6 080 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | **16 901** | 10 821 | 10 821 |
| Kontant verkry as deel van besigheidskombinasies | **130 578** | – | – |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | **55 928** | 12 830 | 16 901 |

### VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | **Totaal R'000** | Aandele-kapitaal R'000 | Aandele-premie R'000 | Behoue inkomste R'000 | Buite-aandeelhouers R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Hersaamgestel soos op 31 Maart 2007 (*)** | **46 996** | 418 | 41 848 | 4 730 | – |
| Netto wins vir die ses maande | **3 512** | – | – | 3 512 | – |
| **Hersaamgestelde saldo op 30 September 2007** | **50 508** | 418 | 41 848 | 8 242 | – |
| Netto wins vir die vyf maande | **3 318** | – | – | 3 318 | – |
| **Op 29 Februarie 2008** | **53 826** | 418 | 41 848 | 11 560 | – |
| Aandele uitgereik en uitreikbaar | **1 493 878** | 8 656 | 1 485 222 | – | – |
| Buite-aandeelhouers se belange in besigheidskombinasies verkry | **921** | – | – | – | 921 |
| Netto wins vir die ses maande | **96 095** | – | – | 95 910 | 185 |
| **Op 31 Augustus 2008** | **1 644 720** | 9 074 | 1 527 070 | 107 470 | 1 106 |

** Hersaamgestel volgens finansiële jaarstate van 29 Februarie 2008*

### REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000** | Ongeouditeer *Pro-forma* ses maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer en hersaamgestel ses maande geëindig 30 September 2007 R'000 | Geouditeer elf maande geëindig 29 Februarie 2008 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Ekwiteitshouers van die houermaatskappy | **95 910** | 55 056 | 3 512 | 6 830 |
| Aangepas vir: | | | | |
| Wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(6 606)** | (115) | (70) | (63) |
| Belastinguitwerking van aanpassings | **985** | 33 | 20 | 18 |
| Wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **90 289** | 54 974 | 3 462 | 6 785 |

### DRAWAARDE VAN BATES EN LASTE VERKRY INGEVOLGE BESIGHEIDSKOMBINASIES:

| | **Totaal** | Diesel Power | Buildco-groep |
|---|---|---|---|
| | **Ongeouditeer op 2 April 2008 R'000** | Ongeouditeer op 2 April 2008 R'000 | Ongeouditeer op 2 April 2008 R'000 |
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **928 635** | 560 514 | 368 121 |
| Ontasbare bates | **117 155** | – | 117 155 |
| Beleggings in assosiate | **2 925** | – | 2 925 |
| | **1 048 715** | 560 514 | 488 201 |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Eiendomme beskikbaar vir verkoop | **13 821** | – | 13 821 |
| Voorraad | **51 607** | 4 241 | 47 366 |
| Debiteure en ander bedryfsbates | **209 227** | 102 402 | 106 825 |
| Bank en kontant | **132 391** | 105 238 | 27 153 |
| Belasting ontvangbaar | **1 133** | – | 1 133 |
| | **408 179** | 211 881 | 196 298 |
| **Totale bates** | **1 456 894** | 772 395 | 684 499 |
| **Buite-aandeelhouersbelange** | **4 577** | – | 4 577 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Rentedraende laste | **367 055** | 132 757 | 234 298 |
| Rentevrye lenings | **94 909** | 2 215 | 92 694 |
| Uitgestelde belasting | **87 549** | 73 479 | 14 070 |
| | **549 513** | 208 451 | 341 062 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Krediteure en ander bedryfslaste | **125 352** | 61 953 | 63 399 |
| Lopende gedeelte van rentedraende laste | **294 723** | 190 735 | 103 988 |
| Verkopersaanspreeklikhede | **64 012** | – | 64 012 |
| Bankoortrekkings | **1 813** | – | 1 813 |
| Belasting betaalbaar | **40 443** | 26 073 | 14 370 |
| | **526 343** | 278 761 | 247 582 |
| **Totale laste** | **1 080 433** | 487 212 | 593 221 |
| **Drawaarde van netto bates** | **376 461** | 285 183 | 91 278 |
| Dividend betaal met verkryging aan Buildmax | **(85 000)** | (85 000) | – |
| Konsolidasie-aanpassing van buite-aandeelhouersbelange | **731** | – | 731 |
| **Drawaarde van netto bates verkry** | **292 192** | 200 183 | 92 009 |
| **Koopteenprestasie van besigheidskombinasies (insluitende voorwaardelike aanspreeklikhede):** | | | |
| Kontant betaal en betaalbaar teen billike waarde | **340 027** | 338 110 | 1 917 |
| Rentevrye leningsrekenings verkry | **(94 909)** | (2 215) | (92 694) |
| Billike waarde van aandele uitgereik en uitreikbaar* | **1 194 158** | 90 597 | 1 103 561 |
| Totale koopteenprestasie betaal en betaalbaar (insluitende voorwaardelike aanspreeklikhede) | **1 439 276** | 426 492 | 1 012 784 |
| Klandisiewaarde voortspruitend uit besigheidskombinasies (insluitende voorwaardelike aanspreeklikhede) | **1 147 084** | 226 309 | 920 775 |
| Getal gewone aandele uitgereik en uitreikbaar ingevolge besigheidskombinasies (insluitende voorwaardelike aanspreeklikhede) ('000) | **687 391** | 50 632 | 636 759 |
| Gemiddelde aandeelprys (Rand)* | **1,74** | 1,79 | 1,73 |

### BESIGHEIDSKOMBINASIES AFGEHANDEL GEDURENDE DIE TYDPERK

Soos geopenbaar as 'n na-balansstaat-gebeurtenis in die finansiële jaarstate van Buildmax vir die tydperk geëindig 29 Februarie 2008 en soos uiteengesit in die Gewysigde Noteringsbesonderhede van Buildmax gedateer 5 Maart 2008 ("die GNB"), het Buildmax die volgende entiteite op 2 April 2008 verkry:

- 100% van die aandele in en eise op leningsrekening teen Diesel Power Open Cast Mining (Edms) Beperk ("Diesel Power"); en
- Die Buildco-groep, bestaande uit:
  - 100% van die aandele in en eise op leningsrekening teen Hollyberry Props 41 (Edms) Beperk
  - 100% van die aandele in en eise op leningsrekening teen Black Ginger 372 (Edms) Beperk
  - 100% van die aandele in en eise op leningsrekening teen Clarewick Investments (Edms) Beperk
  - 100% van die aandele in en eise op leningsrekening teen Burnleigh Investments (Edms) Beperk.

### SEGMENTELE ONTLEDING

**Inkomste**

| Besigheidseenheid | % van totaal | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000** | % van totaal | Ongeouditeer *Pro-forma* ses maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Toename % |
|---|---|---|---|---|---|
| Mynboudienste | 68 | **512 825** | 56 | 307 113 | 67 |
| Konstruksiemateriale | 32 | **242 511** | 44 | 241 393 | – |
| Groep | 100 | **755 336** | 100 | 548 506 | 38 |

**VVRBDA**

| Besigheidseenheid | % van totaal | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000** | % van totaal | Ongeouditeer *Pro-forma* ses maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Toename % |
|---|---|---|---|---|---|
| Mynboudienste | 80 | **184 080** | 65 | 78 832 | 134 |
| Konstruksiemateriale | 20 | **46 758** | 35 | 42 232 | 11 |
| Groep | 100 | **230 838** | 100 | 121 064 | 91 |

**WVRB**

| Besigheidseenheid | % van totaal | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000** | % van totaal | Ongeouditeer *Pro-forma* ses maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Toename % |
|---|---|---|---|---|---|
| Mynboudienste | 79 | **138 291** | 59 | 52 053 | 166 |
| Konstruksiemateriale | 21 | **37 274** | 41 | 36 420 | 2 |
| Groep | 100 | **175 565** | 100 | 88 473 | 98 |

**WVB**

| Besigheidseenheid | % van totaal | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000** | % van totaal | Ongeouditeer *Pro-forma* ses maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Toename % |
|---|---|---|---|---|---|
| Mynboudienste | 76 | **100 033** | 59 | 45 416 | 120 |
| Konstruksiemateriale | 24 | **31 207** | 41 | 32 184 | (3) |
| Groep | 100 | **131 240** | 100 | 77 600 | 69 |

### AANTEKENINGE BY DIE ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE GROEPRESULTATE

**Basis van voorbereiding en rekeningkundige beleid**

Die resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2008 is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), spesifiek IAS 34: *Tussentydse Finansiële Rapportering*, opgestel en voldoen aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 1973, en die Noteringsvereistes van JSE Beperk. Die rekeningkundige beleid van die groep strook met dié wat vir die tydperk geëindig 29 Februarie 2008 toegepas is. Die tussentydse resultate is nie deur die groep se ouditeure geouditeer of nagesien nie.

**IFRS 3**

Die sakeondernemingskombinasies is verantwoord volgens voorlopige syfers, 'n alternatief wat ooreenkomstig IFRS 3 toegelaat word, soos deur die Buildco-groep en deur Diesel Power verskaf. IFRS 3 laat 'n maatskappy toe om dié voorlopige syfers binne 12 maande na die datum van die besigheidskombinasie by te werk. Die gedetailleerde raming van die Buildco-groep en Diesel Power se bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede en gevolglik die verdeling en waardasie van klandisiewaarde en ontasbare bates word tans deur 'n onafhanklike derde party afgehandel en enige aanpassing wat vereis mag word, sal mettertyd aangebring en in die jaareinderesultate weerspieël word.

**Voorwaardelike verkoperaanspreeklikheid teenoor die verkoper van Diesel Power**

Ingevolge die Diesel Power-verkrygingsooreenkoms en soos in die GNB uiteengesit, kan 'n bedrag van tot R37,5 miljoen aan die verkoper van Diesel Power verskuldig word. Dit is 'n voorwaarde vir hierdie bedrag dat Diesel Power 'n wins-na-belasting-teikenstrek, soos in die verkrygingsooreenkoms en die GNB uiteengesit, vir die jaar eindigende 31 Augustus 2009 behaal.

### KOMMENTAAR

**Uitvoerende opsomming**

Die direkteure bied met genoeë die eerste gekonsolideerde tussentydse resultate vir die onlangs vergrote en hersaamgestelde Buildmax vir die ses maande tot 31 Augustus 2008 ("die tussentydse tydperk") aan. Na die verkryging van Diesel Power Open Cast Mining (Edms) Beperk ("Diesel Power") en die Buildco-groep maatskappye ("Buildco") (gesamentlik "die verkrygings"), sowel as die afhandeling van 'n suksesvolle kapitaalverkryging, is Buildmax hergeposisioneer as 'n toonaangewende verskaffer van oopgroefmynboudienste en konstruksiemateriale.

Effektief 29 Februarie 2008 het Buildmax sy jaareinde van Maart na Februarie verander. Die historiese tussentydse resultate tot 30 September 2007 ("die vorige tydperk") en die geouditeerde resultate vir die elf maande tot 29 Februarie 2008 behels slegs die historiese Boumateriale-afdeling van Buildmax voor die verkrygings. Aangesien die omvang en skaal van die groep na die verkrygings aansienlik verander het, is vergelyking met die vorige tydperk van Buildmax nie betekenisvol nie.

Die verkrygings het op 2 April 2008 effektief geword en word gevolglik in hierdie tussentydse resultate vir vyf maande gekonsolideer terwyl die resultate van die historiese bedrywighede van Buildmax vir die volle ses maande ingesluit is. Om vergelyking met die vorige tydperk op 'n soort-vir-soort-basis te verbeter, is ongeouditeerde pro forma historiese resultate ("pro forma historiese resultate") aangebied.

Die resultate vir die tussentydse tydperk toon omset wat 38% hoër is op R755,3 miljoen (Augustus 2007: R548,5 miljoen), VVRBDA wat 91% hoër is op R230,8 miljoen (Augustus 2007: R121,1 miljoen) en WVB wat met 69% tot R131,2 miljoen (Augustus 2007: R77,6 miljoen) gestyg het, wat tot gevolg gehad het dat wesensverdienste per aandeel met 64% tot 11,8 sent per aandeel (Augustus 2007: 7,2 sent per aandeel) gestyg het, vergeleke met die pro forma historiese resultate.

As gevolg van die verkrygings en kapitaalverkryging het die getal aandele uitgereik en uitgereik te word van 41,8 miljoen tot 907,4 miljoen toegeneem, en aandeelhouersfondse het tot R1,6 miljard gestyg. Indien die effektiewe datums van die verkrygings aan die begin van die tydperk was, sou die verkrygings omset van R778 miljoen en wins voor rente en belasting van R184 miljoen bygedra het.

Na die tussentydse tydperk het Brait 'n strategiese belang in Buildmax verkry (sien besonderhede hieronder).

**Bedrywighede**

***Mynboudienste***

Eskom se vraag na bykomende steenkool om sy uitgeputte voorraadvlakke weer op te bou en die vraag na termiese steenkool gaan voort om groeigeleenthede vir die groep te lewer. Gedurende die tussentydse tydperk het die vlak van algemene investering in steenkoolmynbou in Suid-Afrika aansienlik gestyg. Dit het 'n aantal nuwe steenkoolmyne ingesluit wat onlangs geopen is of tans in bedryf gestel word.

As gevolg van die herposisionering van die groep na die verkrygings is daar nie histories oor die Mynboudienste-besigheidseenheid gerapporteer nie. Gevolglik word daaroor in hierdie tussentydse resultate vir vyf maande gerapporteer en word dit vergelyk met pro forma historiese syfers vir die bedrywighede wat die besigheidseenheid behels. Omset het met 67% tot R512,8 miljoen vanaf die pro forma-omset van R307,1, miljoen gestyg, VVRBDA met 134% tot R184,1 miljoen vanaf R78,8 miljoen en WVB met 120% tot R100 miljoen vanaf R45,4 miljoen. Diesel Power en Vukuza Earth Works (voorheen 'n lid van Buildco) het albei besonder goed gepresteer.

Die besigheidseenheid onderneem geen geologiese risiko op enige van sy terreine nie. Daarbenewens het Mynboudienste met sukses kontraktuele wysigings ingestel om sekere kosteskommelings van klante te verhaal.

Die strategie om die kliëntebasis te verbreed en die getal kontrakte te vermeerder, was suksesvol. Die getal kontrakmynboukliënte het tot 12 (2007: 9) en kontrakte tot 21 (2007: 15) toegeneem, wat na verwagting teen Februarie 2009 tot 26 sal styg. Die groep se kliënte sluit al die groot steenkoolmyngroepe in Suid-Afrika in.

*Kapitaalbesteding*

Die ongeëwenaarde vraag uit die oopgroefsteenkoolmynbedryf het 'n hersiening van die kapitaalbestedingsbegroting genoodsaak. Buildmax het kapitaalbesteding van ongeveer R360 miljoen in die vooruitsig gestel vir die jaar eindigende Februarie 2009 ten tyde van die omgekeerde notering in April 2008, maar het dié voorspelling sedertdien tot tussen R600 miljoen en R650 miljoen verhoog. Kapitaalbesteding in Mynboudienste vir die eerste ses maande van die jaar was R397,9 miljoen. Kapitaalbesteding aangegaan en aangegaan te word, is bekom teen gunstige pryse en teen wisselkoerse wat geheers het voor die onlangse devaluasie van die rand teenoor belangrike wêreldgeldeenhede. Na die implementering van die Brait-transaksie (sien besonderhede hieronder) verwag die groep dat netto skuld tussen R800 miljoen en R900 miljoen teen 28 Februarie 2009 sal wees.

As gevolg van vertragings tussen die verkryging van toerusting en die ontplooiing daarvan in gebruik, sal die volle voordeel van die bykomende kapitaalbesteding eers in die jare eindigende Februarie 2010 en daarna gerealiseer word. Ongeveer 95% van die kapitaalbesteding is, of sal, aangewend word om steenkoolmynbedrywighede uit te brei.

Verkreë toerusting word in bestaande en nuwe kontrakte gebruik en nieteenstaande die verhoogde kapitaalbesteding gaan die groep voort om bykomende toerusting te huur om in die huidige vraag te voorsien.

Buildmax se sterk groei het gelei tot 'n vloot met 'n gemiddelde ouderdom van minder as twee jaar en formele programme van voorkomende instandhouding om te verseker dat die lewensduur van alle toerusting verleng word. Dit lei tot langer bruikbaarheid van bates sonder 'n meegaande afname in betroubaarheid. Gevolglik word verwag dat die vlak van vervangingskapitaalbesteding in die volgende drie jaar betreklik laag sal wees. Daar word ook nie verwag dat die hoë vlak van uitbreidingskapitaalbesteding wat gedurende die huidige finansiële jaar aangegaan is, herhaal sal word nie.

*Kontantvloei*

Buildmax het termynbefondsing van plaaslike finansiële instellings vir die kapitaalbesteding bekom. Die groep se bedrywighede is hoogs kontantgenererend, met kontant gegenereer uit bedrywighede (voor skulddiens en kapitaalbesteding) van R209,2 miljoen, wat 91% van VVRBDA is.

*Bestelboek*

Op 31 Augustus 2008 het die besigheidseenheid se bestelboek op nagenoeg R5 miljard gestaan.

***Konstruksiemateriale***

Besteding aan infrastruktuur deur die openbare sektor het een van die sleutelaandrywers van groei in die konstruksiesektor geblyk en dit is skynbaar om op medium termyn voort te duur ondanks die huidige ekonomiese gebeure. Investering deur die privaatsektor, veral in die residensiële komponent van die konstruksiesektor, het egter beduidend verlangsaam as gevolg van opeenvolgende rentekoersverhogings en die verlangsaming in die ekonomie. Dit is te betwyfel of hierdie mark voor die tweede deel van 2009 sal herstel.

In die lig van hierdie handelstoestande het die Konstruksiemateriale-afdeling redelike resultate opgelewer. Op 'n soort-vir-soort-basis het omset op R242,5 miljoen marginaal vanaf die vorige tydperk gestyg. Marges was egter onder druk weens die verlangsaming in openbaresektor-besteding, wat mededinging verskerp het. Die besigheidseenheid is ook ongunstig beïnvloed deur die opeenvolgende brandstofprysstygings wat hy nie aan klante kon deurgee nie. Op 'n soort-vir-soort-basis (uitgesonderd 'n wins van R6,2 miljoen met die verkoop van 'n eiendom) het VVRBDA gevolglik tot R40,5 miljoen gedaal vanaf R42,2 miljoen in die vorige tydperk en WVB het tot R25 miljoen gedaal vanaf R32,2 miljoen. Die onlangse daling in die olieprys behoort vir 'n mate van verligting te sorg, maar daar word verwag dat marges tot ver in 2009 onder druk sal bly.

In die Wes-Kaap is bogenoemde moeilike handelstoestande deur buitengewoon hoë reënval vererger. Die Bakstene & Blokke-afdeling is die ergste geraak, met 'n daling van 13% in omset. Dit het aansienlike herstrukturering vereis, wat ongelukkig afleggings van personeel tot gevolg gehad het.

Buildmax het sy besighede waar moontlik hergeposisioneer om infrastruktuurprojekte deur die verskaffing van gepaste konstruksiemateriale te teiken, en aktiwiteitsvlakke bly bevredigend. Die besigheidseenheid het onlangs kontrakte ontvang om materiale te verskaf vir die opgradering van die R21 tussen Johannesburg en Pretoria, vir die Departement van Buitelandse Sake in Pretoria en vir die Groenpuntstadion in Kaapstad.

*Kapitaalbesteding*

Kapitaalbesteding vir die eerste ses maande van die jaar van R28,4 miljoen is hoofsaaklik ontplooi om die "Aggregate & Steengroewe"-afdeling te posisioneer om infrastruktuurprojekte te diens. Dit is uit interne kontantmiddele en termynbefondsing gefinansier. Geen beduidende kapitaalbesteding in hierdie besigheidseenheid op medium termyn word voorspel nie.

**Swart Ekonomiese Bemagtiging**

Die verkryging van Buildco en die kapitaalverkryging wat in Maart 2008 onderneem is, het 'n belangrike swartbemagtigingsvennoot in die groep ingebring. Na die inskrywing deur Brait (soos hieronder uiteengesit) sal die swart aandeelhouding in die groep ongeveer 15% wees, van minder as 2% ses maande gelede.

**Vaardigheidsopleiding en -ontwikkeling**

Die verkryging van kandidate met geskikte kwalifikasies en toepaslike bedryfsondervinding op alle vlakke in die groep bly 'n voortdurende uitdaging. Om met vaardigheidsontwikkeling behulpsaam te wees, bedryf Buildmax tans 'n heeltydse opleidingsfasiliteit in Mpumalanga wat hoofsaaklik op operateurs vir die Mynboudienste-besigheidseenheid gerig is.

In Gauteng is die groep in vennootskap met 'n onafhanklike vaardigheidontwikkelingsorganisasie om ongeskoolde persone die geleentheid te gee om erkende kwalifikasies, wat op Buildmax se bedrywighede van toepassing is, te verwerf.

Gedurende die tussentydse tydperk het 600 werknemers (420 uit aangewese groepe) deelgeneem in programme vir vaardigheidsverbetering, -opleiding en -ontwikkeling.

Die groep het tans 3 201 werknemers, 'n toename vanaf 2 350 in Augustus 2007.

**Veiligheid, Gesondheid, Omgewing & Kwaliteit (SHEQ)**

Buildmax is trots daarop dat hy 'n veilige werkomgewing vir alle werknemers en subkontrakteurs verskaf en geen noodlottige ongelukke of ongeskiktheidsbeserings is gedurende die tussentydse tydperk op terreine onder Buildmax se beheer opgeteken nie.

Die groep het begin met 'n aantal projekte om SHEQ-standaarde te verbeter. Dit sluit 'n toename in die getal SHEQ-inspekteurs, die aanname van standaard-rapporteerprotokolle en die stel van prestasiemikpunte in.

**Vooruitsigte**

***Mynboudienste***

Eskom se versoek in Januarie 2008 vir 'n bykomende 45 miljoen metrieke ton sal die vraag na steenkool oor die volgende twee jaar met 9% per jaar verhoog. Bykomende uitvoerkapasiteit kom by Richardsbaai, Durban en Maputo in bedryf. Daar word nie verwag dat plaaslike produksie aansienlik beïnvloed sal word deur 'n daling in die prys van steenkool as gevolg van die internasionale finansiële krisis nie. Ten spyte van besorgdheid oor emissies word verwag dat steenkool vir die afsienbare toekoms die primêre bron van energie sal bly. Gevolglik verwag Buildmax sterk inkomstegroei vir sy Mynboudienste-besigheidseenheid. Nieteenstaande hierdie projeksie van groei bly die prys van toerusting en verbruiksvoorraad, sowel as vaardigheidstekorte, groot en voortdurende uitdagings.

'n Aantal optimaliseringsprogramme is tans aan die gang en die eerste resultate is positief. 'n Belangrike fokus is die rasionalisering van steundienste en die aanwending van die groep se kritieke massa om marges te verbeter. Om dié programme verder te bevorder, soek Buildmax aktief na 'n perseel om die bedrywighede van Power Diesel en Vukuza Earth Works te konsolideer.

***Konstruksiemateriale***

Ondanks die verlangsaming in privaat en residensiële besteding, en in die mate dat dit geografies haalbaar is, sal die groep voortgaan om te deel in openbaresektor-besteding aan infrastruktuur en hy het sy produkreeks met dié doel uitgebrei.

***Groep***

Die groep het na die tussentydse tydperk voortgegaan om goed handel te dryf. Indien dié prestasie voortduur, is Buildmax op koers om sy vooruitgeskatte wesensverdienste per aandeel van 22,5 sent (uitgesonderd enige amortisasie van ontasbare bates) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 te behaal (die "Februarie 2009-vooruitskatting") soos in die Gewysigde Noteringsbesonderhede gedateer 5 Maart 2008 uiteengesit.

***Februarie 2010-vooruitskatting***

Met die voordeel van die uitbreidingskapitaalbesteding vir 'n volle jaar, 'n sterk bestelboek en verwagte toekomstige bedryfstoestande word vooruitgeskat dat wesensverdienste per aandeel (uitgesonderd enige amortisasie van ontasbare bates) vir die jaar tot 28 Februarie 2010 met nie minder nie as 40% vanaf die Februarie 2009-vooruitskatting sal styg. Hierdie finansiële inligting wat vir Februarie 2010 vooruitgeskat word, is nie deur Buildmax se ouditeure nagesien of oor gerapporteer nie.

**Belegging deur Brait IV Investment L.P. en Brait IV SA Vennootskap ("Brait")**

Aandeelhouers word verwys na die aankondiging wat tesame met hierdie aankondiging vrygestel is en word meegedeel dat Brait ooreengekom het om op 133 333 333 gewone Buildmax-aandele teen 'n totale inskrywingsteenprestasie van R200 miljoen, te wete R1,50 per Buildmax-aandeel, in te skryf. Daarbenewens het Brait 'n aantal ooreenkomste gesluit om 'n verdere 120 000 000 Buildmax-aandele teen R1,10 per Buildmax-aandeel van huidige aandeelhouers te koop, waaraan die inskrywing onderhewig is, en wat sy totale aandeelhouding tot effens meer as 24% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Buildmax te staan sal bring.

Die Brait-belegging verstewig die groep se balansstaat en bring 'n strategies waardevolle aandeelhouer in, wat dit vir Buildmax moontlik sal maak om organiese en verkrygingsgroeigeleenthede na te streef.

**Direksie**

Daar was 'n aantal veranderinge aan die direksie en bestuur gedurende die tussentydse tydperk. Op 28 Maart 2008 het Mev NR Jansen en Mnr JPG Vorster as Hoof Uitvoerende Beampte ("CEO") en Hoof Finansiele Beampte ("CFO"), onderskeidelik, bedank en Menere MD Smullen en IDP Burger het as voorsitter en nie-uitvoerende direkteur, onderskeidelik, bedank. Die direksie bedank hulle vir hulle diens.

Mnr PJ de Klerk en Mnr HP Fourie is vervolgens as CEO en CFO, onderskeidelik, aangestel. Voorts is Menere CB Brayshaw en C Wood as onafhanklike nie-uitvoerende direkteure en Menere BT Ngcuka, M Matisonn en R Munitz as nie-uitvoerende direkteure, almal op 28 Maart 2008, aangestel. Mnr MD Lamola bly in die direksie aan as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur (gesamentlik die "Buildmax-direksie").

Ooreenkomstig die Brait-transaksie het die Buildmax-direksie besluit om Dennis John Mack en Anil Maharaj met ingang van die geskeduleerde sluitingsdatum, soos in die Brait-inskrywingsooreenkoms vervat, as nie-uitvoerende direkteure van Buildmax aan te stel.

**Tussentydse dividend**

Geen tussentydse dividend is verklaar nie. Dit is die groep se beleid om die verklaring van 'n dividend jaarliks te oorweeg.

**Dankbetuiging**

Die toewyding en verbintenis van ons vennote, intern sowel as ekstern, het die groep se transformasie moontlik gemaak. Ons bedank ons mede-direkteure, bestuurspanne en werknemers vir hulle harde werk. Ons bedank ook ons kliënte, klante, verskaffers, diensverskaffers, aandeelhouers en adviseurs vir hulle onskatbare ondersteuning.

**Paul de Klerk**
*Uitvoerende Hoof*

**Herman Fourie**
*Finansiële Hoof*

30 Oktober 2008


**Direkteure:**
PJ de Klerk *(Uitvoerende Hoof)*; HP Fourie *(Finansiële Hoof)*; CB Brayshaw*^; MD Lamola*^; M Matisonn*; R Munitz*; BT Ngcuka*; C Wood*^
**Nie-uitvoerende direkteur ^Onafhanklik*

**Geregistreerde kantoor:**
Eenheid 19, 1ste Verdieping Oosblok, Cambridge Office Park, Bauhiniastraat 5, Highveld Park, Centurion
Postnet Suite 435, Privaat Sak X108, Centurion, 0046

**Borg:**
Java Capital (Edms) Beperk

**Oordragsekretarisse:**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

**Maatskappysekretaris:**
Probity Business Services (Edms) Beperk
3de Verdieping, JHI House, Cradocklaan, Rosebank, 2196
(Posbus 85392, Emmarentia, 2029)





motiv